



WAAROM BENODIG ONSE HOWE VIR SEKSUELE MISDRYWE?



Verkragting en seksuele misbruik is 'n voortslepende krisis in ons gemeenskappe. Suid-Afrika het een van die hoogste syfers vir aangemelde verkragting in die wêreld. Die hoë vlakke van armoede en 'n reuse gaping tussen ryk en arm in ons land, beteken dat diene wat verkragtings oorleef uiteenlopende soorte ondersteuning kry, afhangend van watter gemeenskap hulle in woon en by watter polisiestasie hulle die verkragting aanmeld.

Die hofstelsel moet, deur middel van die howe vir seksuele misdrywe*, ondersteuning bied aan slagoffers van misdaad en terselfdertyd toesien dat misdadigers aan die pen ry. Diene wat verkragting oorleef en in howe vir seksuele misdrywe getuig** moet ondersteuning ontvang wanneer hulle getuig om sekondêre trauma*** te verminder.

***Seksuele oortreding** – 'n kriminele seksdaad (verkragting, seksuele misbruik, seksuele aanranding)

****Getuig** – getuienis lewer as 'n getuie in 'n hof

*****Sekondêre trauma** – om ontsteld te word wanneer 'n traumatiese gebeurtenis herleef moet word

WAT IS 'N HOF VIR SEKSUELE MISDRYWE?

'n Hof vir seksuele misdrywe is 'n spesiale hofsaal wat slegs seksuele misdrywe, soos verkragting, hanteer. Dit bied spesiale dienste aan diene wat verkragting oorleef het en ander getuies. Die doel van hierdie hof is om:

- die trauma van 'n oorlewende te verminder;
- sake te bespoedig, sodat dit vinnig afgehandel word;
- beter hofbesluite of uitsprake te maak, want die mense wat in hierdie howe werk is baie vaardig en bedrewe;
- meer skuldigbevindings* te kry en meer plegers** tronk toe te stuur; en
- mense hoop te gee dat die aanmelding van verkragting goed sal uitdraai, wat meer oorlewendes van verkragting sal aanmoedig om hul gevalle by die polisie aan te meld.

***Skuldigbevinding** – vonnis of uitspraak

****Pleger** – iemand wat 'n skadelike, onwettige of onsedelike daad pleeg

WAT MAAK 'N HOF VIR SEKSUELE MISDRYWE ANDERS AS ANDER HOWE?


Die idee van howe vir seksuele misdrywe is in Suid-Afrika ontwikkel. In 2013 is 'n nuwe model vir howe vir seksuele misdrywe ontwikkel, wat alles uiteensit wat nodig is vir 'n hof om 'n hof vir seksuele misdrywe te wees. Hierdie model vereis van hierdie howe om spesiaal opgeleide aanklaers*, hofondersteuners en landdroste** te hê. 'n Hof vir seksuele misdrywe het 'n aparte hofsaal. Dit het ook 'n getuigkamer met geslote kringtelevisietoerusting, waar kinders kan getuig sonder om die verkragter of seksuele oortreder van aangesig tot aangesig hoef te sien, terwyl hulle praat oor wat gebeur het.



HOWE VIR SEKSUELE MISDRYWE

***Aanklaer** – 'n prokureur wat in die hof bewys dat die aangeklaagde persoon die misdaad gepleeg het waarvan hy beskuldig word

****Landdros** – 'n amptenaar wat optree as 'n regter in howe



HOVEEL HOWE VIR SEKSUELE MISDRYWE IS DAAR?

Die Departement van Justisie het in die Parlement verslag gedoen dat daar in Mei 2018 75 howe vir seksuele misdrywe was, maar ons dink nie almal van hulle is ten volle toegerus of werk behoorlik nie. U kan 'n lys van hofsale vir seksuele misdrywe kry op die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling se webwerf – <https://bit.ly/2JXfAc0>.

WAT KAN EK DOEN OM HIERDIE HOWE 'N WERKLIKHEID TE MAAK?

In 2013 het die Departement van Justisie (DOJ) beloop om howe vir seksuele misdrywe regoor die land in te rig. Hoewel daar reeds howe vir seksuele misdrywe ingerig is, moet die wet wat dit moontlik maak nog in werking tree. Hierdie wet* sal sorg dat daar duidelike planne en begrotings vir die howe is. Dit sal ook vir 'n mens sê presies hoe die howe ingerig sal wees en hoe hulle sal werk. U kan die volgende doen om te kyk wat die vordering is en om dit te inisier:

- Vra u plaaslike media om verslag te doen oor die status van u plaaslike howe.
- Volg op met die Adjunkminister by die DOJ deur u knelpunte aan te stuur – <https://bit.ly/2HMJ8IK>.
- Kyk op Shukumisa se webwerf en Facebookblad vir die jongste nuus.
- Volg parlementêre prosesse wanneer howe vir seksuele misdrywe 'n onderwerp is op <https://pmg.org.za>.

*Artikel 55A van die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), Wet 32 van 2007



DIE SHUKUMISA-KOALISIE

Ons is 'n koalisie van meer as 75 organisasies regoor Suid-Afrika wat teen seksuele geweld werk. Ons maak voorspraak vir wetgewing en beleide wat die beste belange van volwassenes en kinders wat seksuele geweld oorleef het, weerspieël. Ons doen dit al sedert 2008.

Vir enige vrae of navrae, besoek asseblief www.shukumisa.org.za
of <https://web.facebook.com/Shukumisa/>
of tree per e-pos in verbinding met die Shukumisa-koördineerder: coordinator@shukumisa.org.za